CAPE WEST COAST **Swartland Tourism**

# Nuusbrief Februarie 2011

## Toerismegroete aan almal van julle!

Ek hoop en vertrou dat al ons lesers wel veilig tuisgekom het, en indien jy nie weg was vir die feesseisoen nie, wel 'n wonderlike Kersfees geniet het. Ek wens ieder en elk 'n ongelooflike 2011 toe met vele seëninge van bo.

2010 eindig met die Snoekfees in Yzerfontein:

Yzerfontein het 'n fantastiese Snoekfees gehad, met 'n rekord getal vakansiegangers wat die kus dorpie besoek het.

Net vir die snoekvangkompetisie het 77 bote met 325 hengelaars ingeskryf. Die swaarste snoek het 'n allemintige 5.720kg geweeg. Die prys, 'n boot ter waarde van R185 000 is aan Meneer Kevin Oates oorhandig.

Die fietsry, stap en draf wat deur Yzerfontein Bewarea aangebied is, het groot getalle sport liefhebbers gelok. 12 spanne het vir die KANSA toutrek ingeskryf, en vir die potjiekoskompetisie was daar 29 inskrywings.

Die karavaanpark het 'n getal van 374 karavane gehuisves vir die duur van die vakansie, en die toerisme kantoor kry reeds navrae aangaande akkommodasie vir Desember 2011.

## 2011 GEBEURTENISSE

**350 Jaar Erfenis Fees:**

Die unieke waarde van die Riebeek Vallei se erfenis is oorspronklik gewortel in die verkenningstog, die ontdekking en vernoeming deur die 1661 ekspedisie van Pieter Cruythoff en sy adjudant, Pieter van Meerhof op 3 Februarie 1661. So is die poort tot die HERONTDEKKING van die Vallei toe reeds gevestig.Ter viering van hierdie gebeurtenis is daar besluit om 2011 in geheel daaraan toe te wy.

Die Inisiatief word bestuur deur Riebeek Vallei Toerisme wat gekontak kan word by 022 448 1545.

## FEBRUARIE GEBEURTENISSE

Datum: **14 Februarie** - **Valentyns Ete by Die Hut in Moorreesburg**

Datum: **23 Februarie** - **Jannie Moolman** optrede by **Het Vlock Kasteel in Riebeek Kasteel**.

Datum: **25-27 Februarie** - Die '**Darling Music Experience**', nou in sy sesde seisoen, sal weer 'n baie opwindende program hê vir beide klassieke musiek en meer populêre musiek liefhebbers. 'n Geleentheid om jouself oor te gee aan sensoriese genot van wyn proeë, kos, wyn en musiek paring. Die musiek sal varieer van klassiek en hedendaagse kamer musiek, populêre musiek asook koor en jazz.

Die lokale vir die konserte sal varieer tussen pragtige wyn lande, Darling se pragtige ou kerke, en 'n dorp skuur. Heerlike kosse en die bekende Darling wyne speel 'n integrale rol in die DME en verhef die hele geleentheid.

Vir die kinders is daar 'n spesiale olimpiade; 'n gebeurtenis wat ure se pret sal verskaf, terwyl hulle aangemoedig word om hulle ore te gebruik in plaas van hulle oë.

Datum: **26 February** - **Die Hut in Moorreesburg** bied aan: Lekker Band: **Al & Sy Pêl** (Prokureur & Bouer)

Datum: **26 February** - **Ry die Wind** vanaf Clara Anna Fontein in Durbanville na Darling met die **CA2C Fiets resies**.

Datum: **26 February** - **Darling Kelder** hou elke jaar 'n **Kelder Pers Dag** wat gaan oor pluk, pers, eet en drink in die son. Die geleentheid om jou eie druiwe te pluk, op hulle te trap om jou eie druiwesap uit te kry, sodat die kelder dit kan fermenteer in 'n lieflike wyn met jou eie spesiale etiket op. Die dag sluit in ontbyt, pluk en pers van jou eie druiwe, etiket ontwerp kompetisie en 'n tradisionele Weskus middagete.

## MAART GEBEURTENISSE

Datum: **11-12 Maart** - **Adenco 400 (2010 Absa Off Road Championship)**

Datum: **25-27 Maart** - Die **Meditereense fees in Riebeek Vallei** is 'n huldeblyk aan die eeue-oue trotse pogings en volharding van die landbou gemeenskap in die vallei. Die lewenslustige kulinêre lewenstyl van die Middellandse See, sy lande, streke en eilande geweef in 'n eiesoortige kookkunstapisserie – van smake en stories tot smullekker staptoere – word met 'n fees van twee dae gevier. Riebeek Vallei se smulpaapnaweek, die unieke en opvallende ooreenkomste tussen sy eie natuurlike terroir en heilsame landbouprodukte, en dié van sy Middellandse See-eweknieë na vore bring. Met die skink en skep van hierdie volksgebruike in die vorm van beskeie, gedienstige en voorwaar geurige offerandes, verskaf die Medfest die Tafel waarop die proesintuie en nog meer gestimuleer gaan word.

Plaaslike Restaurante en kelders in die vallei span saam, en elke span verteenwoordig die spesifieke kookkuns en ikone van die gekose land se kultuur, en met die skink en skep van hierdie volksgebruike in die vorm van beskeie, gedienstige en voorwaar geurige offerandes, verskaf die Medfest die Tafel waarop die proesintuie en nog meer gestimuleer gaan word.

Datum: **26-27 Maart** - Die **Portugese Fees** is 'n fees binne 'n fees wanneer die **Royal Hotel** tydens die Meditereense Fees saam met die Portugese Klub van Kaapstad, '**Die Royal Portugese Fees**' in die tuine van die Hotel hou. Dit behels Portugese kos, wyn, produkte, orkeste, sangers en dansers.

Vriendelike Swartland Groete

**Wilna Liebenberg**
**Streekstoerisme-beampte**

Gedagte: Die een wat jou liefhet is gestuur van bo om aan jou slegs 'n gryntjie van die liefde te wys wat Hy vir jou het.

Gelukkig Valentynsdag!